NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 18 – Uitgawe 21
5 Junie 2025

# Terug onder die Afrika-son

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Dit is nou al 'n jaar sedert ek vir *Blitspos* geskryf het oor my en my gesin se drie jaar lange avontuur in Engeland. Dit gaan eintlik my verstand te bowe dat so baie dinge in 'n jaar se tyd kon verander het. As ek nou terug kyk na foto's van ons tyd daar voel dit amper soos 'n droom. *Was dit regtig ons? Het ons regtig daar gebly?***

Toe ek in Junie 2024 geskryf het, het ons nog net geweet dat ons op pad terug is Suid-Afrika toe. Die *hoe*, die *wat* en die *waar* was egter die groot vraag. Ons het geen idee gehad waar ons gaan werk en bly nie. Ons het ook nie 'n vae benul gehad watter impak en aanpassing dit vir ons, en veral vir ons kinders, sou inhou nie. Daar was soveel onsekerhede en soveel vrae. My man moes vir drie maande in Engeland agterbly om sy kennisperiode klaar te werk. Ek en ons kinders het intussen by my skoonouers gaan bly totdat ons ons voete gevind het.

Ons het gehoop dat ons werk in die Pretoria-omgewing sal vind en dat ons ons daar sal vestig. Baie van ons familie woon in daardie omgewing so dit het soos die voor die hand liggende opsie gelyk. Groot was ons verrassing toe ek 'n beroep na Rustenburg-Tuine ontvang!

Dit was vir ons 'n groot gebedsvraag: *Is dit waarheen God ons wil stuur?*

Nou is ons al 'n paar maande in Rustenburg en ons gevoel is nou dat God se weë beter as ons eie weë is. Daar is nog steeds onsekerhede en vrae, maar daar sal altyd wees!

Ek is darem seker van 'n paar dinge: Ek en my man kan lekker op enige plek bly. Ons het geleer dat dit gaan oor wat 'n mens van 'n plek maak. Nie anders om nie. Dit maak nie saak of dit die Kaap, Engeland of Rustenburg is nie. Ons het ook geleer dit verryk jou ervaring en dit verbreed en verdiep jou persepsie as jy nuuskierig en oop is oor 'n plek en sy mense. Vir ons is die wonder van die Magaliesberge waarin ons woon die grootste verrassing! Ons probeer elke kans benut om ons omgewing te verken.

Ons weet ook dat die gemeenskap van uiterste belang is. Of dit nou 'n klub, 'n kerk, vriende of familie is. Dit is die verhoudings wat ons bou, daar waar ons mekaar dra en vir mekaar omgee wat jou laat voel dat jy 'n tuiste gevind het.

Wanneer 'n mens in die middel van 'n groot verandering in jou lewe is, is dit moeilik om perspektief te vind. Dit is dikwels eers in retrospeksie dat jy kan begin sin maak en betekenis vind. Ek wonder wat ek volgende jaar sal kan skryf oor ons ervaring?

Al wat ons nou kan doen terwyl ons eintlik nog so nuut in die aanpassingsperiode is, is om op God te vertrou en te kyk hoe Hy nog vele verrassings vir ons beplan!

**Ds Erika Ferreira**
**(Rustenburg-Tuine)**

## Lief en leed

- 'n Groep oud-pastoriebewoners, **emeriti en gades**, het onlangs gesellig in **Franschhoek** bymekaargekom waar hulle op 'n ete, geborg deur die NHSV-Hoofbestuur, getrakteer is.



**Agter: Piet van Staden jr, Piet en Irma van Zyl, Ria Schempers van die NHSV, Piet van Staden sr, Carien en Jakkals van Rensburg, Chris en Lea le Roux, Etienne en Brenda Verhage, Leoné en Kálmán Papp. Voor: Tony en Wallie Simpson, Kitty Botha.**



Ds Madlala sr

- Ons het met leedwese verneem van die afsterwe van **ds Oscar Madlala**, moderator van die MRCC, se vader. **Ds Madlala sr (emeritus)** was voorheen betrokke by sendingwerk by Othandweni. Ons dink aan die Madlala-gesin in hierdie moeilike tyd.

- **Die volgende predikante verjaar tot 13 Junie 2025, en word hartlik geluk gewens:**

  - Woensdag 4 Junie: Di TF (Thomas) Joubert (emeritus), CAA (Tiaan) Loedolff (Wolmaransstad)
  - Donderdag 5 Junie: Dr JGM (Hans) Dreyer (emeritus), ds GF (Frikkie) van Wyk (Montana-Oos)
  - Vrydag 6 Junie: Prof APB (Andries) Breytenbach (emeritus/Vanderkloof)
  - Saterdag 7 Junie: Di LJJ (Leon) Nell (emeritus), JA (Johnny) Young (Rustenburg-Tuine)
  - Sondag 8 Junie: Dr RC (Marina) Kok-Pretorius (Potchefstroom/dosent), ds WJM (Willem) Breytenbach (Hazyview/Sabie/Witrivier)
  - Maandag 9 Junie: Ds JJ (Kotie) McDonald (emeritus)
  - Vrydag 13 Junie: Prof MJ du P (Bieks) Beukes (emeritus)

## Gemeentes en bediening



Ds Hanri Reichel

- **Ds H (Hanri) Reichel** (Van Warmelo, deeltyds) het 'n beroep na Gemeente Olifantsfontein (deeltyds) ontvang. Sy het die beroep aanvaar en is op 1 Junie bevestig. Sy sal voortaan by beide gemeentes dienswerk verrig.

- **Gemeente Centurion-Oos se 60ste bestaansjaar** (30 Junie) word met groot dankbaarheid en vreugde op **7 en 8 Junie** gevier.

  - **Saterdag 7 Junie**
    08:00: **Pretstap** (Ons parkeer by die kerk en word per bus vervoer na die roete en terug).
    08:00-13:00: **Feesmark** by die kerk. Heerlike eetgoed, uitstallers van verskeie produkte, geskenke en vermaak vir die jongspan.
    14:00-19:00: **Spitbraaikuier** vir die hele gesin. Kontak gerus vir Maryna by die kantoor om kaartjies te koop (012 664 2044 / 082 782 7102).

  - **Sondag 8 Junie**
    09:00: **Feesdiens** en nagmaal wat afgesluit word met koffie/tee en 'n eetdingetjie na die diens. Bevestig asseblief per e-pos (**kantoor@nhkcenturionoos.co.za**) indien u graag die geleentheid op Sondag 8 Junie wil bywoon.

## Vergaderings

- Donderdag 5 Junie: Kommissie van die AKV
- Vrydag 6 Junie: Kommissie van die AKV

## Kerklike en ander publikasies




- Die jongste uitgawe van *die Saaier*, uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, is ***hier*** beskikbaar.

## ’n Gedig

**Pinkster**

Van kleintyd onthou ek Pinkster:
koue kerke, lang gebede, halleluja-liedere –
die gemeente kon behaaglik trek.
Nogtans: alles min of meer nugter en gereformeerd,
geen vuurtonge en vrolikheid,
net ou tantetjies het soms snaaks geprewel en gesnik.
Deesdae vra die dominees dat ons kort moet bid
en ons sing melodieë uit Straatsburg en Genève,
stram en stemmig klink “Ons het u hartlik lief, o Heer”.
Maar ons gedenk u Gees se koms in Mei:
dan is die akkerbome in ’n roes,
die populiere jeropiko-geel
en as die spreeus die bessies van die klimop pik
wat wynrooi teen die gewels blink
weet ek dat U dié beker vir my skink –
uit die vuurdoop van die herfs herbore
kan ek praat in vreemde, wonderbare woorde
en U vroliker as op ’n Geneefse wysie lowe.

**Lina Spies**
www.gesellig.co.za

## Fondsinsamelings

- **Dis weer basaartyd!** Laat weet asseblief (**taal@nhk.co.za**) wanneer ons by julle heerlike pannekoek en basaarpoeding kan kom eet:
    - 6 Junie: Heidelberg
    - 6 en 7 Junie: Ons Tuis Machteld Postmus
    - 7 Junie: Parys<br>Vanderkloof
    - 27 Junie: Odendaalsrus
    - 26 Julie Wonderboom

- Kom kuier saam! **Gemeente Vanderkloof** nooi jou hartlik uit na hul basaar op **Saterdag 7 Junie 2025 in Orania!**
  Tyd**:**09:00 tot 13:00
  Plek: Voor die Orania Beweging se kantoor – in die tuin, natuurlik!
  Dis ’n fees van smake en lekkerte! Kom koop by die vleistafel, kry jou biltong, pannekoek, sosaties, melkkos, boereworsrolle, kerrie-en-rys, en geniet soetgoed soos basaarpoeding in die teetuin. Bring die hele gesin en kom geniet ’n heerlike oggend saam met ons.
  **Basaarpret wag op jou!**

  Kom kuier saam! **Gemeente Wonderboom** nooi jou hartlik uit na hul **basaar op Saterdag 26 Julie 2025!**
  Tyd: 09:00 tot 13:00
  Plek: Marjoramlaan 219, Wonderboom

- **Gemeente Hartebeestpoort** (Brits) bied weer dié jaar hul 3de **Bosveld Mtb** op **2 Augustus 2025** aan as ’n fondsinsameling vir die gemeente. Daar is ’n keuse van vyf afstande, naamlik 4 km & 8 km *kiddies ride* 36 km, 91 km,156 km.
  **Plek: Brits Vliegveld**
  **Tyd: Begin om 07:00**
  Dié jaar het ons nog meer waterpunte en Bakkies Botha is ons gas vir die dag. Hy gaan self die 91 km doen.
  Vir **navrae** kontak: Ds Corlien van der Merwe (083 654 8154), Marcel by Hartebeestpoort kerkkantoor (012 252 4315), Mechiel Ras (072 605 1393) of Mias van der Merwe (083 320 2466). Klik ***hier*** vir meer inligting en inskrywings. Gaan kyk gerus wat sê die vorige deelnemers onder *Testemony* (sic) op die webwerf.

## SP Engelbrecht-museum





- **Op soek na Transvaalse ougoed!** Elize Labuschagne, wat haar doktorale proefskrif oor ou-Transvaalse boerehuise geskryf het, is besig met ’n boek oor ou-Transvaalse volksmeubels. Wie het nog ’n riempiesbank, ’n stoel, ’n wakis, tafel of ’n rakkie wat deur oupa in die tyd voor en kort na die Anglo-Boereoorlog gemaak is? Of selfs meubels wat tot laat in die 20ste eeu nog op die tradisionele manier gemaak is? Wie kan vir haar ’n storie vertel oor die meubelmakers van daardie tyd, of nog beter: ’n foto wys van die kunstige manne in ons omgewing wat meubels gemaak het? Tipies sou die meubels in tambotie, boekenhout of ander hardehout gewees het. Sy kom na jou toe en sal baie graag van die meubels wil afneem en die stories hoor. Kontak asseblief vir Elize by **elizelab@mweb.co.za** of WhatsApp by 082 780 8021 as jy iets het om te vertel of om te wys. Neem sommer ’n selfoonfoto van wat jy het, en stuur dit vir Elize. **Sy bedank almal wat haar reeds gekontak** het oor kosbare meubels, selfs 'n *Blitspos*leser uit Kanada! Elize sê die Hervormers se reaksie op hierdie oproep is uitstekend.

- **Baie dankie van ds Carel Johann de Bruin:** Ek skryf graag hierdie dankbrief aan almal vir jul ondersteuning tydens die genotvolle **spookstorie-aand** van Saterdagaand 24 Mei by die SP Engelbrecht Museum. Vele komplimente is ontvang vir die produksie asook vir die pannekoek, spookasem, poeding en koffie wat deur **Gemeente Wesmoot** verskaf is. As die applous nie altyd so warm en luid was nie blameer ons die koue. Onthou die hande moes warm bly in handskoene en onder die komberse – opgetrek tot teen die ken! Dankie vir

 

die donasie aan die museum wat op hierdie wyse gegenereer is. Terwyl ek op die oomblik in die museumkantoor sit en skryf, word die geld hier en daar omgesit in broodnodige herstelwerkies. Met sulke geleenthede, en veral met die maandelikse **spookbusbesoekers** (klik ***hier*** vir meer inligting) raak die kerkmuseum al wyer bekend. Daarvoor is die museumkomitee werklik dankbaar want 'n museum moet leef met voortdurende nuwe gaste! Ek sluit met Henk Smit se woorde af: *Die aand was egter meer as net vermaak. Die keuse van die musiek en vertellings was so gedoen dat dit stof tot nadenke bied. Nie net oor die verganklikheid nie, maar ook oor die onverganklikheid. Ek haal my hoed af vir Jaco Hough-Coetzee wat sulke puik produksies saamstel.*

## Toerusting

- Die Fakulteit Teologie en Religiekunde aan die Universiteit van Pretoria nooi u uit om deel te neem aan hul konferensie getiteld *Radical Thinking and the Concept of Truth* wat op **23 en 24 Oktober** plaasvind. Opsommings moet teen **15 Junie 2025** aan mnr Thabiso Thoka gestuur word by **giventt@gmail.com**.

### Barmhartigheid

- **TOIBO** bedank graag elkeen wat TOIBO ondersteun, nie net met skenkings nie, maar ook met gebede. Jul ondersteuning stel ons in staat ons om behoeftige kinders met spesiale onderwysbehoeftes te help sodat hulle hul volle potensiaal kan bereik.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  - Eenslaapkamer: R515 000
  - 1½-slaapkamer: R520 000
  - Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. 'n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan **mej Sanet du Plessis**, per e-pos na **taal@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mej Du Plessis bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

**’n Seënbede vir die kerk: die gawes van die Gees**

Jy wat die gawe ontvang het om te sing en musiek te maak,
laat die mooi melodieë van kerkmusiek in ons ore weerklink;
Jy wat die gawe van lewenskrag ontvang het,
help met die instandhouding van die kerk;
Jy wat die gawe van geloof ontvang het,
gee ons hoop;
Jy wat die gawe het om te tel,
tel die stoflike middele waarmee God sy kerk seën om hul roeping uit te voer;
Jy wat die gawe het om te versorg,
genees ons wonde;
Jy wat die gawe van woorde ontvang het,
vul ons met jou wysheid;
Jy wat die gawe ontvang het om met vreemdelinge te praat,
ontvang hulle met oop arms;
Jy wat die gawe ontvang het om ongeag beproewinge te glimlag,
vul ons met jou vreugde;
Jy wat douvoordag opstaan en lang ure kan werk,
hou aan om danksy jou lang dag daagliks wonders te doen;
Jy wat die gawe ontvang het om onbevange te luister,
hou aan om nie te oordeel nie.

Laat ons meer wees as een liggaam en een siel, laat ons verenig wees deur die asem van God. Wanneer die Gees van God in ons woon, laat ons al hierdie gawes raaksien wat ons ontvang het om die welstand van God se kerk en ons gemeente te dien.

Amen

(Dit is ’n vry vertaling deur dr Wouter van Wyk van ’n gedeelte uit *l’Estran*, die maandblad van die Verenigde Protestantse Kerk van Frankryk, Gemeente Dunkerque, geskryf deur David Brouwer, gemeenteleier)



Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Hartmann